GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

PROVINSIALE EKSAMEN

NOVEMBER 2019

GRAAD 11

REKENINGKUNDE
VRAESTEL 1

TYD: 2 uur

PUNTE: 150

13 bladsye, 1 formuleblad en ’n antwoordboek van 8 bladsye

Kopiereg voorbehou

INSTRUKSIES EN INLIGTING:

Lees die volgende instruksies aandagtig deur en volg dit noukeurig na.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. ’n Spesiale ANTWOORDBOEK word verskaf waarin jy AL die vrae moet beantwoord.
3. Toon ALLE bewerkings om deelpunte te verdien.
4. Gebruik ’n nieprogrammeerbare sakrekenaar.
5. Gebruik ’n donker potlood of blou ink om die vrae te beantwoord.
6. Alle bewerkings moet tot EEN desimale punt getoon word, waar van toepassing.
7. Skryf netjies en leesbaar.
8. Gebruik die aangehegte formuleblad.

Gebruik die inligting in die tabel hieronder as 'n gids wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE hiervan af te wyk nie.

VRAAG 1: 36 punte; 30 minute	
Onderwerp van die vraag	**Hierdie vraag integreer**
Konsepte en Inkomstestaat	Konsepte Inkomstestaat

VRAAG 2: 48 punte; 38 minute	
Onderwerp van die vraag	**Hierdie vraag integreer**
Konsepte en Tasbare Bates	Konsepte Tasbare Bates Etiek

VRAAG 3: 38 punte; 30 minute	
Onderwerp van die vraag	**Hierdie vraag integreer**
Vennootskappe	Notas tot die Balansstaat Balansstaat

VRAAG 4: 28 punte; 22 minute	
Onderwerp van die vraag	**Hierdie vraag integreer**
Vennootskappe	Ontleding en vertolking van finansiële inligting van vennootskappe

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1: KONSEPTE EN INKOMSTESTAAT (36 punte; 30 minute)

1.1 KONSEPTE

Dui aan waar ELKEEN van die volgende items in die finansiële state geplaas sal word deur ’n term uit die onderstaande lys te kies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.4) in die ANTWOORDBOEK neer.

Nie-bedryfslaste; bedryfsinkomste; bedryfslaste; bedryfsbates; bedryfsuitgawes

1.1.1 Handels en ander betaalbares (1)

1.1.2 Verlies met verkoop van ’n bate (1)

1.1.3 Verbandlening betaalbaar oor 10 jaar (1)

1.1.4 Handelsvoorraadsurplus (1)

1.2 INKOMSTESTAAT

MADUNA HANDELAARS

Die onderstaande inligting is ’n uittreksel uit die boeke van Maduna Handelaars. Hulle finansiële jaar eindig op 28 Februarie 2019.

GEVRA:

Stel die Inkomstestaat op vir die jaar geëindig op 28 Februarie 2019. (32)

MADUNA HANDELAARS

UITTREKSEL UIT DIE VOOR-AANSUIWERINGSPROEFBALANS
OP 28 FEBRUARIE 2019

Balansstaatafdeling	**Debiet**	**Krediet**
Lening: Bank van Tshwane		180 000
Vaste Deposito: Mzansi Bank (8 % p.j.)	120 000	
Handelsvoorraad	68 000	
Debiteurekontrole	55 000	
Voorsiening vir oninbare skulde		2 600
Bank	61 500	
Nominale-rekeninge afdeling		
Verkope		800 000
Koste van verkope	390 000	
Debiteure-afslag	14 600	
Huurinkomste		42 000
Salarisse en lone	150 000	
Werkgewersbydrae	10 200	
Oninbare skulde	3 600	
Korting toegestaan	530	
Telefoon	6 300	
Versekering	9 800	
Verpakkingsmateriaal	8 305	
Bankkoste	748	
Rente op vaste deposito		8 800

AANSUIWERINGS EN ADDISIONELE INLIGTING

1. Op 27 Februarie 2019 het ŉ debiteur, L. Mogashoa, goedere teruggestuur met ŉ verkoopprys van R4 500, die kosprys is R2 500. ŉ Kredietnota is uitgereik, maar hierdie transaksie is nog nie aangeteken nie.

2. Op 28 Februarie 2019 het ŉ fisiese voorraadopname die volgende getoon:

   - Handelsvoorraad R66 400
   - Verpakkingsmateriaal R2 300

3. ŉ Huurder het huur betaal tot 31 Maart 2019. Die huur is vanaf 1 Junie 2018 met 10% verhoog.

4. Voorsiening vir oninbare skulde moet verminder word met R400.

5. Versekering sluit ŉ premie van R2 800 in, wat betaal is vir die periode 1 November 2018 tot 30 Junie 2019.

6. R. Mogale is uitgelaat uit die Salarisjoernaal vir 28 Februarie 2019

Netto Salaris	Pensioenfonds aftrekking	Werkgewers-bydraes	Bruto Salaris
?	R960	R320	?

   LET WEL: Die pensioenfonds-aftrekking beloop 8% van die bruto salaris.

7. Leningstaat soos ontvang van die Bank van Tshwane.

Saldo op 1 Maart 2018	R 260 000
Rente gekapitaliseer	?
Terugbetalings gedurende die jaar, rente ingesluit	80 000
Saldo op 28 Februarie 2019	205 000

8. Waardevermindering op tasbare bates vir die jaar beloop R18 000.

9. Rente op die vaste deposito vir Februarie 2019 is nog nie aangeteken nie. Rente op die vaste deposito is nie gekapitaliseer nie.

36

VRAAG 2: KONSEPTE, VASTE BATES EN ETIEK (48 punte; 38 minute)

2.1 KONSEPTE

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (2.1.1 tot 2.1.5), neer.

2.1.1 Waardevermindering op tasbare bates beïnvloed die kontantvloei van die besigheid. (1)

2.1.2 Bates word teen hulle oorspronklike aankoopprys in die rekords van die onderneming aangeteken. (1)

2.1.3 Een bateregister moet opgestel word vir al die tasbare bates wat die onderneming besit. (1)

2.1.4 Die waarde van grond en geboue word volgens die kosprysmetode verminder. (1)

2.1.5 Opgehoopte waardevermindering word beskou as 'n negatiewe bate. (1)

2.2 TASBARE BATE NOTA

Die volgende inligting is 'n uittreksel uit die rekords van Majoro Handelaars vir die finansiële jaar geëindig op 31 Desember 2018. Die besigheid word besit deur die broers, Peter en Joe Majoro.

GEVRA:

2.2.1 Die vaste / tasbare bate nota op 31 Desember 2018. (40)

2.2.2 Peter Majoro is nie gelukkig dat sy broer, Joe Majoro, die ou toerusting teen 'n bedrag wat laer is as die drawaarde van die onderneming gekoop het nie. Gee EEN rede waarom hy ongelukkig is oor hierdie transaksie en voorsien berekeninge / syfers om jou antwoord te motiveer. (3)

LET WEL: Toon die bewerkings in die afdeling soos voorsien in die ANTWOORDBOEK.

INLIGTING:

A. UITTREKSEL UIT DIE NA-AANSUIWERINGS PROEFBALANS OP 31 DESEMBER 2017

Voertuie	R90 000
Opgehoopte waardevermindering op voertuie	?
Toerusting teen kosprys	R26 000
Opgehoopte waardevermindering op toerusting	R7 200

B. Die volgende bates is aangekoop gedurende die huidige jaar (2018):

Voertuie	(kontant aangekoop op 30 September 2018)	?
Toerusting	(kontant aangekoop op 1 Junie 2018)	R2 000
Toerusting	(aangekoop op krediet op 1 Junie 2018)	R25 000

C. Addisionele inligting wat in aanmerking geneem moet word:

(a) **Voertuie:**

- ’n Voertuig vir R90 000 is op 30 Junie 2016 aangekoop.
- ’n Tweedehandse voertuig is aangekoop op 30 September 2018.
- Geen voertuie is gedurende die huidige periode verkoop nie.
- Waardevermindering op voertuie word teen 20% p.j. bereken op die drawaarde.
- Die saldo van die opgehoopte waardevermindering op voertuie, na inagneming van bogenoemde, is op 31 Desember 2018 as R40 060 bereken.
- Waardevermindering vir die huidige jaar is nog nie bereken nie.

(b) **Toerusting:**

- Op 31 Mei 2018 het Joe Majoro verouderde toerusting (kosprys R2 400) teen ’n verlies van R500 van die onderneming gekoop.
- Die boekwaarde van die ou toerusting is R840 aan die begin van die huidige jaar.
- Aankope van nuwe toerusting op 1 Junie is soos volg:
  - Toerusting op krediet aangekoop teen ’n kosprys van R25 000.
  - Addisionele toerusting is kontant aangekoop op dieselfde dag. **[Sien inligting B]**
- Teen jaar-einde op 31 Desember 2018, is R9 000 vir toerusting steeds verskuldig.
- Waardevermindering op toerusting word bereken teen 10% p.j. op die kosprys.

48

VRAAG 3: FINANSIËLE STATE VAN 'N VENNOOTSKAP (38 punte; 30 minute)

SAPA HANDELAARS

Die onderstaande inligting het betrekking op SAPA Handelaars, met vennote S. Saul en S. Paul. Die finansiële periode eindig op 28 Februarie 2019 en die besigheid maak gebruik van 'n winsopslag van 60% op die kosprys.

GEVRA:

Voltooi die volgende rekords vir die jaar geëindig op 28 Februarie 2019:

3.1 Balansstaat (toon bewerkings) (20)

3.2 Lopende- / privaatrekening nota (18)

INLIGTING:

SAPA HANDELAARS

UITTREKSEL UIT DIE PROEFBALANS VAN SAPA HANDELAARS OP 28 FEBRUARIE 2019

Balansstaatrekeninge	**Fol.**	**Debiet**	**Krediet**
Kapitaal: S. Saul			216 000
Kapitaal: S. Paul			180 000
Onttrekkings: S. Saul		80 120	
Onttrekkings: S. Paul		90 520	
Privaatrekening: S. Saul			4 201
Privaatrekening: S. Paul			4 504
Grond en geboue		340 000	
Handelsvoorraad		40 500	
Bank		22 210	
Krediteurekontrole			25 491
Vaste deposito: AB Bank		77 000	
Nominale rekeninge:			
Skryfbehoeftes		1 962	
Huurinkomste			15 400
Herstelwerk		1 386	
Telefoon		5 120	
Oninbare skulde ingevorder			2 246
Versekering		4 772	

AANSUIWERINGS EN ADDISIONELE INLIGTING:

(a) Vennoot S. Saul neem voor die voorraadopname goedere met ’n verkoopsprys van R1 920. Die transaksie is nog nie aangeteken nie.

(b) Handelsvoorraad is aan R. Viljoen verkoop op 27 Februarie 2019 vir R1 080, die kosprys beloop R940. Al die nodige dokumente is voltooi en aangeteken. R. Viljoen het nog nie die goedere kom afhaal nie.

(c) Voorraadvoorhande:

- Handelsvoorraad R39 900
- Skryfbehoeftes R101

(d) ’n Faktuur is van H&H Motors ontvang vir herstelwerk aan ’n voertuig, R670. Hierdie bedrag is nog nie betaal nie.

(e) ’n Gedeelte van die gebou word sedert 1 Mei 2018 uitverhuur. Die huur vir Maart 2019 is reeds ontvang en aangeteken.

(f) Die Vaste Deposito van R5 000 sal binne die volgende 4 maande verval.

(g) **Verdeling van wins:**

- Die vennote is geregtig op rente op kapitaal teen 15% per jaar.
- Elk van die vennote is geregtig op ’n salaris van R7 800 per maand.
- Vennoot S. Saul ontvang ’n bonus van R4 000.
- Die oorblywende wins / verlies moet gelykop tussen die vennote verdeel word.

(h) Die netto wins vir die jaar is R251 860.

38

VRAAG 4: ONTLEDING EN VERTOLKING VAN FINANSIËLE STATE

(28 punte; 22 minute)

Die onderstaande inligting is ŉ uittreksel uit die Finansiële State van twee klerewinkels. Die finansiële periode eindig op 28 Februarie 2019. Die twee eienaars oorweeg dit om in die volgende finansiële jaar ŉ vennootskap te stig.

GEVRA:

4.1 Bereken die volgende aanwysers vir 28 Februarie 2019:

4.1.1 Clyde se bedryfskapitaalverhouding. (3)

4.1.2 Bonny se voorraadomsetsnelheid. (4)

4.1.3 Clyde se gemiddelde debiteure-invorderingstermyn. (5)

4.1.4 Die opbrengs op die gemiddelde ekwiteit van Bonny se Klerewinkel. (5)

4.2 Beantwoord die volgende vrae deur syfers en finansiële aanwysers aan te haal.

4.2.1 Vergelyk en lewer kommentaar oor die likiditeitsposisie van die twee besighede, haal TWEE finansiële aanwysers aan. (8)

4.2.2 Met verwysing na die opbrengskoers op eienaarsbelang, dink jy dat Bonny's Klerewinkel ŉ goeie besluit neem om saam met Clyde te werk? Gee EEN punt van advies. (3)

INLIGTING:

A. Agtergrond van die twee besighede

Bonny se Klerewinkel

Bonny' het haar klerewinkel 5 jaar gelede begin. Haar doelwit is om klere van goeie gehalte teen ŉ bekostigbare prys te lewer. Sy is passievol daaroor om goeie diens te lewer en is bekwaam en hardwerkend. Sy het ŉ rekeningkundige kwalifikasie en behartig self die aankope, bestuur en administrasie van die winkel. Sy het slegs een verkoopspersoon aangestel om haar te help.

Clyde se Boetiek

Clyde het haar boetiek 3 jaar gelede begin. Sy het na skool ŉ kursus in klereontwerp gedoen en is passievol oor kleurvolle, modieuse klere. Sy is lief vir mense en kuier graag oral in die dorp rond sodat sy op hoogte kan bly van die nuutste tendense en modeneigings. Sy is nie baie gedissiplineerd nie en moes ander mense aanstel om die administrasie- en boekhouwerk vir haar te doen.

B. UITTREKSEL UIT DIE INKOMSTESTATE VIR DIE JAAR GEËINDIG 28 FEBRUARIE 2019

	Bonny se Klerewinkel	Clyde se Boetiek
Verkope	1 950 000	2 500 000
Koste van verkope	(1 300 000)	(1 250 000)
Bruto wins	650 000	1 250 000
Bedryfsuitgawes	(450 000)	(700 000)
Bedryfswins	200 000	550 000
Rente-uitgawe	-	(35 000)
Netto wins	200 000	515 000

C. BALANSSTATE OP 28 FEBRUARIE 2019

	Bonny se Klerewinkel	Clyde se Boetiek
BATES		
Nie-bedryfsbates	255 000	1 520 000
Bedryfsbates	290 000	590 000
Voorraad (slegs handelsvoorraad)	150 000	245 000
Handels- en ander ontvangbare bedrae	90 000	344 000
Kontant en kontantekwivalente	50 000	1 000
Totale Bates	545 000	2 110 000
EKWITEIT EN LASTE		
Eienaarsbelang / -ekwiteit	405 000	1 390 000
Kapitaal	385 000	1 425 000
Netto wins	200 000	515 000
Onttrekkings	(180 000)	(550 000)
Nie-bedryfslaste	-	350 000
Verbandlening (10% p.j.)	-	350 000
Bedryfslaste	140 000	370 000
Handels- en ander betaalbare bedrae	140 000	295 000
Oortrokke bank	-	75 000
Totale Ekwiteit en Laste	545 000	2 110 000

D. Die volgende inligting kom uit die twee stelle finansiële state vir Februarie 2019:

FINANSIËLE AANWYSERS		Bonny se Klerewinkel	Clyde se Boetiek
1.	Bruto wins as ’n persentasie van koste van verkope	50%	100%
2.	Bruto wins as persentasie van verkope	33⅓%	50%
3.	Bedryfsuitgawes as ’n persentasie van verkope	23,1%	28%
4.	Netto wins as ’n persentasie van verkope	10,3%	20,6%
5.	Opbrengs op gemiddelde eienaarsbelang / ekwiteit	?	36,6%
6.	Graad van solvensie	3,9 : 1	3 : 1
7.	Bedryfskapitaalverhouding	2,1 : 1	?
8.	Vuurproefverhouding	1 : 1	0,9 : 1
9.	Voorraadomsetsnelheid	?	5,5 keer
10.	Voorraadhoudingstydperk	39 dae	66 dae
11.	Gemiddelde debiteure-invorderingstermyn	26 dae	?
12.	Gemiddelde krediteurebetalingstermyn	58 dae	90 dae
13.	Skuld : Ekwiteitsverhouding	0	0,25 : 1

E. SALDO’S EN TOTALE OP 28 FEBRUARIE 2018

	Bonny se Klerewinkel	Clyde se Boetiek
Handelsvoorraad	R130 000	R210 000
Debiteuresaldo	R95 000	R310 000
Eienaarsbelang / Ekwiteit	R385 000	R388 000
Kredietverkope (inligting is ook van toepassing op die huidige jaar)	50%	80%

28

TOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou

FORMULEBLAD: GRAAD 11

Bedryfsbates - Bedryfslaste	$\frac{\text{Gemiddelde Krediteure}}{\text{Kredietaankope}} \times \frac{365}{1}$
Totale bates : Totale laste	Nie-bedryfslaste : Eienaarsbelang
$\frac{\text{Koste van verkope}}{\text{Gemiddelde voorraad}}$	$\frac{\text{Handelsvoorraad}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$
$\frac{\text{Gemiddelde debiteure}}{\text{Kredietverkope}} \times \frac{365}{1}$	Bedryfsbates : Bedryfslaste
Bedryfsbates – voorraad : Bedryfslaste	$\frac{\text{Netto wins}}{\text{Gemiddelde eienaarsbelang}} \times \frac{100}{1}$

Kopiereg voorbehou